**4 April (Paassondag)**

Skrifgedeelte: Matteus 28:1–10
Fokusgedeelte: Matteus 28:5, 6

# Jesus is opgewek uit die dood!

Gister het ons oor Jesus se mag mét sy sterwe nagedink. Vandag, Paassondag, oordink ons sy mag óór sy sterwe. Hy oorwin die dood self, fisies (die eerste dood) én geestelik (die tweede dood). Hy staan anderkant die doodsgrens. Ons het ’n lewende Koning en Verlosser!

Ja, Hy sou nog vir 40 dae lank aan verskeie mense verskyn, enkelinge en groepe, om te bewys dat Hy lewe, maar reeds van *anderkant* die graf af – uit ’n ander dimensie. Hy loop deur toegesluite deure, oorbrug 80 km van Jerusalem na Galilea in ’n oogwink, verskyn aan twee manne op pad na Emmaus en verdwyn nes Hy verskyn het. Hoewel Hy reeds weer in geestelike dimensie leef, verskyn Hy liggaamlik-fisies. Hy nooi Tomas om sy vinger en hand in sy kruiswonde te steek en eet later ’n stukkie gebraaide vis saam met sewe van sy binnekring op die strand. Hy leef, maar as mens nie meer hier waar dood en graf is nie.

Wat dink jy van hierdie Bybelse berigte oor sy opwekking uit die dood? Glo jy dit net so, of moet dit afgewater word tot bloot “simbolies” – soos sommige moderne teoloë meen? Hoe werklik is dit vir jou toe jy vanoggend wakker word, die eerste dag van die week, die dag waarop Hy uit die dood opgestaan het? Niemand kan jou koud-logies daarvan oortuig nie, dit is ’n kwessie van geloof. En geloof is ’n genadegawe van God. Hy werk dit in ons deur dieselfde energie en mag en krag as waarmee Hy Jesus uit die dood opgewek het! (Ef 1:15-23).

Sing: Romeine 8:33-39 (Skrifberyming 5-4:1-6) [10]

Ds Johan Botha (Laeveld)